# **Onderrigprogram binne die raamwerk van Biblioterapie**

Skilpoppe Hettie Gouws

**1. Identifikasie:**

Die leerder kies ’n karakter in die verhaal en maak dan ’n lysie van ooreenkomste tussen hom en die karakter en ook verskille tussen hom en die karakter. Daarna praat die leerder en die onderwyser hieroor. Die leerder verduidelik die redes vir die ooreenkomste en verskille.

Gee aan die leerder die advertensie: Laat die leerder die volgende vrae beantwoord:

- Anna wil gewig verloor vir haar rol as Juliet. Sy sien toe hierdie advertensie in ’n tydskrif. Hoe probeer die adverteerders haar oorreed om die produk te koop?

Sou jy die produk gekoop en gebruik het as jy Anna was? Motiveer jou antwoord.

**2. Projeksie:**

- Lees weer bladsy 7 en 21 van die verhaal. Hoekom hou Anna nie van Therese nie?
- Lees weer hoofstuk 6. Beskryf die verhouding tussen Anna en Ching-kung. Hoe voel jy oor die verhouding tussen die twee?

**3. Modellering:**

Die leerder kry twee handpoppe. Een van die poppe is Julian en die ander een is Elise. Die leerder moet die volgende siituasie uitbeeld: Julian probeer Elise oorreed om vir hom geld te gee vir dwelms. Elise mag nie ingee voor Julian nie.
Nog ’n situasie wat uitgebeeld kan word: Anna probeer Elise oorreed om na ’n rehabilitasie-sentrum te gaan. Elise dink verskeie verskonings uit hoekom sy ie hoef/kan gaan nie.

**4. Katarsis:**

Laat die leerder ’n lys maak van emosies wat Elise ervaar het nadat Julian in hegtenis geneem is.
Die leerder moet dan m.b.v hierdie woorde ’n gediggie skryf . Laat die leerder dit in die middel van ’n groot plakkaat skryf en dan prente uit tydskrifte knip wat die emosies illustreer en ’n collage rondom die gedig maak.

**5. Selfinsig:**

Skryf ’n brief aan Anna, Elise, Julian of Ching-kung en vertel aan hom/haar van jou situasie, hoe jy daaroor voel en hoe jy dit gaan hanteer/hanteer het.